

THE S.A. INSTITUTE OF INTERNATIONAL AFFAIRS


ARCHIVES
NOT TO BE REMOVED

**SWA/NAMIBIË: PROBLEME EN
BELEIDSKEUSES VERBONDE AAN
POLITIEKE OORGANG**

André du Pisani

OCCASIONAL PAPER

GELEENTHEIDSPUBLIKASIE



**DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN INTERNASIONALE AANGELEENTHEDE
THE SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF INTERNATIONAL AFFAIRS**

Mr. André du Pisani is a lecturer in the Department of Political Science and Public Administration at the University of South Africa, in Pretoria.

For the benefit of non-Afrikaans readers, a brief English synopsis is included at the beginning of this paper.

It should be noted that, as the Institute is precluded by its Constitution from itself expressing an opinion on any aspect of international affairs, opinions expressed in this paper are solely the responsibility of the author and not of the Institute.

**SWA/NAMIBIE: PROBLEME EN
BELEIDSKEUSES VERBONDE AAN
POLITIEKE OORGANG**

André du Pisani

I N H O U D

Synopsis	bladsy	i
Inleiding		1
Teoretiese oriëntasie		1
Probleemarea		2
Ten slotte		8
Endnotas		9

ISBN: 0-909239-60-6

Die Suid-Afrikaanse Instituut van Internasionale Aangeleenthede

Jan Smuts-Huis
Posbus 31596
BRAAMFONTEIN
2017
Suid-Afrika

Desember 1979

SYNOPSIS

This paper sets out to attempt three things. Firstly, to advance a theoretical perspective based largely on the work of Rothchild and Curry (1978) on the problems generated by political transition in the case of most new states. Secondly, to define some of the problems and policy choices confronting policy-makers in transitional political systems. Thirdly, to venture beyond a mere description of these problems to a prescription of some policy choices which might be exercised by policy-makers in present day Namibia. It will be clear, therefore, that this preliminary analysis operates on both the levels of description and prescription, which implies that it is not based on a 'value free stance' to social science research.

The particular theoretical perspective or orientation underlying this analysis operates on the premise that the real issues in political transition are nothing more than a series of common problems which generate policy choices for decision-makers. As a corollary premise it further suggests that such problems and policy choices must be confronted and exercised within a so-called 'capabilities paradox', which is characterised by scarcity in socio-economic and human resources. It is the author's belief that such an orientation to political transition and the problems it generates not only make sense within the politico-economic nexus, but has the additional advantage of avoiding an over-emphasis of the 'uniqueness' of a particular political system.

The cluster of political problems and policy choices confronting policy-makers in Namibia are defined within the parameters of six issues. These include:

- ° The survival of the political system - as a set of authoritative interactions - within a context of internal factionalism and the militarization of the political process.
- ° Generating a national identity within the context of a divided plural society.
- ° The implementation of integration-seeking policy programmes both on a vertical and a horizontal level able to transcend the present problem of political legitimacy which faces the National Assembly.
- ° The establishment of a legitimate localised bureaucracy which is linked to vertical and horizontal elite integration.
- ° A more effective mobilisation and distribution of economic resources, coupled to a structural dependency on the South African economy.
- ° The problem of external penetration in SWA/Namibia's military, economic and ideological (political) dimensions and how to counteract this threat.

These sets of problems by no means constitute an exhaustive typology of all the transitional problems facing policy-makers in Namibia. They have been selected though because of a commonality with those of other political systems undergoing a process of political transition, and because they lend themselves to synchronic and dyachronic comparison.

On the prescriptive level some of the following policy choices would appear to be of particular importance:

- The introduction of a uniform and equal national education policy.
- The implementation of a socio-economic policy programme which provides inter alia for a fairer and more equal allocation of natural resources, including land.
- The clarification of citizenship qualifications, particularly on account of the presence of a 'foreign' bureaucracy.
- The development of own national symbols such as a flag and national anthem.
- Rapid development of the existing infrastructure particularly with regard to power supply and railways.
- The implementation of a 'mixed economy' with special reference to agriculture, mining, taxation and finance (i.e. a national development bank).
- The accelerated development of a multi-ethnic localised bureaucracy.

The paper concludes with a critical analysis of the nature of opposition forces in Namibia and on the South African Prime Minister's concept of a 'constellation of Southern African states'. With regard to the nature of opposition forces in Namibia a case is advanced for internal accommodation with the radical nationalist opposition, which possesses requisite international legitimacy both internally and externally. On the concept of a 'constellation of Southern African states', an argument is posited against the notion on the grounds of an expected increase in the structural dependency of the economies of Southern Africa upon each other and especially on that of South Africa - and on the real danger of South African neo-colonialist control and penetration that might be created for peripheral states in Southern Africa.

Inleiding

Dié skrywe het ten doel om enkele gedagtes te wissel aangaande die probleme van oorgangspolitiek, in SWA/Namibië met besondere verwysing na die strukturele en menslike dimensies daarvan verbonde. Ek is die mening toegegaan dat die wyse waarop genoemde twee verbandhoudende dimensies gehanteer gaan word, waarskynlik uitsluitsel oor die vraag, of SWA/Namibië vredsaam of gewelddadig sal oorgaan, sal verskaf. Trouens, dit kom my voor asof juis die kompleksiteite verbonde aan politieke oorgang, en veral die beleidskeuses wat dit vir beleidbepalers genereer (dikwels van 'n paradoksal¹⁾ aard) die kruks van die meeste nuwe stelsels se probleemprofiel daarstel.¹⁾ Laat my dan vervolgens toe om kortlik my teoretiese oriëntasie of perspektief (as u dit só verkies) aan u te stel. Daarbenewens ook 'n konseptualisering van die sentrale probleemarea m.b.t. politieke oorgang in die algemeen en SWA/Namibië in die besonder.

Teoretiese oriëntasie

Die betrokke teoretiese oriëntasie wat aangelê word kan getypeer word as 'n probleem gerigte perspektief op beleidskeuses wat die beleidbepalers in 'n bepaalde oorgangstelsel konfronteer. Sentraal is 'n beklemtoning van beleidskeuses te midde van 'n nexus van skaars institusionele sosio-politieke en ekonomiese hulpbronne (Rothchild & Curry, 1978:5). Genoemde teoretiese oriëntasie verteenwoordig nie 'n neutrale of waardvrye posisie nie - alternatiewe beleidskeuses word op beide deskriktiewe en preskriktiewe wyses uitgewys (Dror, 1973:258).

Dié bepaalde teoretiese oriëntasie is verder bowenal probleemgerig, eerder as bestuurs- of behoudensgerig. Anders gestel, die rationalisering en/of behoud van 'n bepaalde politieke party figureer nie as oogmerke in die besondere benadering nie (Golembiewski, 1974: 168-189). Essensieel word bepaalde beleidskeuses wat beleidbepalers of gesagsbekleërs konfronteer gekontrasteer binne 'n konteks wat gekenmerk word deur 'n skaarsheid aan institusionele, sosio-politieke en ekonomiese hulpbronne.

Na my beskeie oordeel, hou dié besondere oriëntasie wesenlike voordele in. Die volgende kan as die belangrikste beskou word:-

- (a) Dié oriëntasie aanvaar die wisselwerking tussen sosio-politieke en ekonomiese veranderlikes.
- (b) Die oriëntasie poog om elemente van suiwer wetenskap ('pure science') en toegepaste navorsing ('applied research') te kombineer.
- (c) Beide diachroniese en synchroniese-vergelyking word beklemtoon.
- (d) Sosio-politieke en ekonomiese determinisme (soos byvoorbeeld in die geval van die klassieke Marxisme - L.W. nié die nieu-Marxisme nie - word grootliks vermy (Buchanan & Tullock, 1971:5).
- (e) Die teoretiese oriëntasie is minder staties as byvoorbeeld onderskeidelik Almond en Powell (1966) of Easton (1965) se struktureel/funksionele en stelsel modelle van die politiek. In die verband is Richard Sklar se Kritiek veral geldig, wanneer hy onder meer die volgende skryf:

".... in today's Africa, an undue emphasis on the existing state system is likely to promote a conservative outlook that cannot easily accommodate the radical values of liberation, economic freedom, and continental unity." (Sklar, 1967:4).

- (f) Ideologismes, en veral die oordrewe beklemtoning van verskille tussen bepaalde "-ismes" soos byvoorbeeld sosialisme versus kapitalisme word doelbewus onderspeel. Gevolglik neig die benadering om meer realisties en pragmatises (dus minder ideologies) te wees.

Opsommend dan - Beleidsontleders probeer vasstel (na empiriese ondersoek) welke rasionele keuses van optrede beskikbaar is op 'n gegewe tydstip vir beleidbepalers in die lig van eskalerende sosio-politieke en ekonomiese eise te midde van 'n konteks wat deur skaarsheid (scarcity) aan hulpbronne gekenmerk word.

Probleemarea

Die onderliggende postulaat rakende die probleemarea waarmee die meeste oor-gangstelsels te kampe het is dat dié stelsels gekenmerk word deur 'n skaarsheid in institusionele, sosio-politieke en ekonomiese hulpbronne. Die uitdaging waarmee beleidsbepalers gevoglik te doen het is nie slegs geleë in die (her)-allokasie van bestaande hulpbronne nie, maar veral in die verhoging en uitbreiding van beide dié hulpbronne se toeganklikheid en beskikbaarheid. (Rothchild & Curry, 1978: 11).

Verder is dit belangrik om daarop te wys dat 'n eskalerende eisestruktuur (dikwels van 'n paradoksale aard) die beleidsbepalers gelyktydig konfronteer. Na dié verskynsel word dan ook tereg verwys as die sogenaamde "paradoks in vermoëns" ('Capabilities paradox'). Anders as in industriële stelsels word beleidsbepalers in nuwe stelsels byvoorbeeld gelyktydig met 'n hiérargie van probleme en gevoglik van beleidskeuses gekonfronteer, bv. die kritiese taak van staatsbou; dié van nasiebou; die integrasie probleem op beide die vertikale en horizontale vlakte; die legitimiteitsprobleem die mobilisering en distribusie van hulpbronne en die gevaar van eksterne penetrasie en kontrole.

U kan nou tereg aan my vra, maar welke probleemareas kenmerk oorgangstelsels soos SWA/Namibië? Verder welke beleidskeuses word hierin geimpliseer? Kollektief gesproke kan die volgende ses probleemareas as die belangrikste beskou word:- *

- (1) Stelsel oorlewing, d.w.s. die stabilisering en behoud van die politieke stelsel se vermoë om kollektief op te tree. In die geval van SWA/Namibië (trouens ook in Zimbabwe Rhodesië) word die politieke stelsel onder meer bedreig deur interne faksionalisme - reaksionêre wit politiek (die Wit Weerstandbeweging, BLANKSWA, die Herstigte Nasionale Party (HNP) en ander) - en die toenemende militarisering van die politieke proses (SWAPO-N veral by wyse van PLAN-Peoples Liberation Army of Namibia). Die verpolitiseerde rol van die SAW verdien ook in dié opsig vermelding. Die interpenetrasie tussen politieke en militêre konflikarenas soos byvoorbeeld in die geval

* Voorgenoomde is egter geen uitputtende tipologie van die belangrikste probleemareas en gevoglik ook beleidskeuses wat beleidsbepalers in SWA/Namibië in die gesig staar nie.

in die Owambo etniese substelsel hou 'n wesenlike gevaaer vir die stelsel se stabilitet in. (Du Pisani, 1978: 1-21)

Preskriptief (voorskrywend) beoordeel is beleidsalternatiewe waarin die klem op sisteem-gerigte eerder as op etniese substelsels en parogialisme val van wesenlike belang. Na my oordeel moet voorkeur onder meer aan die volgende beleidskeuses gegee word -

- (i) Die vestiging van 'n legitieme multi-etniese nasionale weermag bō die huidige voorkeur vir beide etniese- en 'n multi-etniese eenheid (41 BNG) wat na my oordeel as 'n oorgangsreëling beskou moet word.
 - (ii) Die generering van wat Henry Kissinger noem 'n 'calculus of risks' (Time, October 15, 1979). Prakties gestel beteken dit in SWA/Namibië die spoedige herstel van normale, nasionale politieke lewe, veral m.b.t. die aanmoediging van 'n interne', nasionalistiese radikale opposisie as legitieme teenhanger vir die huidige eksterne opposisie (SWAPO-N). Die politieke risikos moet van so 'n aard wees dat die huidige eksterne opposisie (SWAPO-N) nie sal kans sien om gesynchroniseerde militêre sowel as politieke aksies vol te hou nie.
- (2) Die generering van 'n nasionale identiteit binne en tussen die onderskeie plurale seksies van die bevolking. In SWA/Namibië is 'n nasionale identiteit grootliks afwesig. 'n Probleem wat onder meer aan die volgende faktore toegeskryf kan word - pre-koloniale inter-etniese kompetisie; die koloniale nalatenskap van beide die Duitsers en die Suid-Afrikaners; die onderskeie pogings om SWA/Namibië staatkundig by Suid-Afrika te inkorporeer; die dubbelinnighede verbonden aan die kwessie van self-determinasie in SWA/Namibië; die superimposering van die Nasionale Party se statiese beskouing oor etnisiteit en die afwesigheid van integratiewe politieke leierskap (Du Pisani, 1978: 5-9; Du Pisani, 1977: 79-95).
- Preskriptief lyk die volgende beleidsalternatiewe veral van besondere belang te wees -
- (i) Die instelling van 'n uniforme en gelykwaardige nasionale onderwysbeleid, waaronder ook 'n eie multi-etniese universiteit.
 - (ii) Die volg van sosio-ekonomiese beleidsprogramme waarin 'n meer eweredige allokasie van hulpbronne (onder meer ook grond) sentraal staan, om sodende die gevaaer van etniese mobilisasie op basis van dié oneweredighede te verminder.
 - (iii) Opklaring van burgerskapskwalifikasies.
 - (iv) Die opskorting van 'n beleid waarin etnisiteit die belangrikste (dikwels die enigste) basis vir institusie-bou daarstel.
 - (v) Die ontwikkeling van eie nasionale simbole soos 'n landsvlag, volkslied, ens. ná beraadslaging met alle belanghebbende partye.
- (3) Die daarstelling van integrasie-soekende beleidsprogramme (beide op vertikale en horizontale vlak) met 'n sistemiese trefwydte ten opsigte

van interaksies en transaksionele politiek. Voorafgaande moet veral bewerkstellig word deur die vestiging van verteenwoordigende en legitieme (d.w.s. gesaghebbende) sentrale instellings. Die huidige DTA-gedomineerde Nasionale Vergadering se verteenwoordigende aard sowel as sy legitimiteit is verdag. Onthou moet word dat die Nasionale Vergadering op 2 Mei 1979 uit die Grondwetgewende Vergadering ontwikkel het, 'n liggaam wat op basis van 'n eensydige verkiesing in Desember 1978 saamgestel is. Kragtens Proklamasie beskik die huidige Nasionale Vergadering slegs oor Wetgewende Bevoegdhede. - Die liggaam het dus geen Uitvoerende bevoegdhede nie en kan (kragtens Proklamasie Nr AG21) 1979) nie 'n konstitusie vir 'n onafhanklike staat opstel nie. (Nege vrae, 1979: 6-7). Daarbenewens beskik die Nasionale Vergadering nie oor 'n eie grondwet nie, maar is dit slegs kragtens proklamasie ingestel. Pretoria se onlangse legitimasie los geensins die vraagstuk op nie.

Pseudo-legitimiteit sal myns insiens nie aan die Nasionale Vergadering verleen kan word deur byvoorbeeld 'n interne opposisie soos die Namibia National Front (NNF) daarin te laat deelneem nie. Feit van die saak is dat 'n verdere verkiesing, onder internasionale toesig (verkieslik die V.V.O. die mees raadsame uitweg bly om op vreedsame wyse politieke oorgang in SWA/Namibië te struktureer en die interne opposisie te akkommodeer in die politieke proses. (Sien ook Rukoro, September 1979: 1-2)

- (4) Die vestiging van 'n legitieme interne burokrasie. Essensieel in dié verband is die vraagstuk van institusionele oordrag, d.w.s. hoe om bestaande institusionele strukture (bv. etniese substelsels) te gebruik en terselfdertyd 'n legitieme interne burokrasie tot stand te bring. Die sleutel tot die vraagstuk van institusionele kontinuititeit is waarskynlik geleë in die innovasie vermoëns van beleidmakende elites en hul aanpassingskapasiteit by snel veranderende toestande (Braibanti, 1961).

Huidiglik is die burokrasie in SWA/Namibië grootliks 'n "eksterne" burokrasie wat hoogs verpolitiseer is. Trouens dit is waarskynlik enkel die belangrikste rede waarom 'n "Blanke versoening" grootliks nog uitgebly het. As integrasie agent is 'n legitieme interne burokrasie se rol van wensenlike belang. Soos S.N. Eisenstadt (1963: 110) dit oortuigend as volg stel -

"... (internal bureaucracies) helped to maintain the framework of a unified polity as well as the capacity to absorb varied demands and to regulate them effectively. Not only were they important instruments for unification and centralization, but they enabled the rulers to implement continuous policy."

Trans-etniese rekruterung vir die burokrasie is verder van groot belang. Insgelyks behoort die rekruterung en opleiding van laer en middel eschalon burokrate versnel te word - beide in die geval van die staatsdiens en die militêre burokrasie*, ten einde horizontale en vertikale integrasie te bewerkstellig.

* 'n Begin is reeds met dié proses gemaak, maar benodig beide uitbreiding en versnelling.

Horizontale elite integrasie verwys na die proses waardeur elites in 'n bepaalde vertakking van die burokrasie 'n gelyksoortige mobiliteit as in ander burokratiese vertakkinge kan bekom. Vertikale elite integrasie verwys na die absorbering van nuwe non-elites in die burokrasie sowel as opwaartse mobiliteit in die owerheidsvertakking (Robins, 1976: 27-35).

- (5) Die effektiewe mobilisering en distribusie van ekonomiese hulpbronne. Die ekonomie van SWA/Namibië word nie slegs gekenmerk deur 'n skaarsheid aan hulpbronne nie, maar ook aan 'n opvallende oneweredige verspreiding van bestaande ekonomiese hulpbronne. Benewens voorgenoomde probleme (skaarsheid en oneweredigheid) vertoon die ekonomie 'n hoë mate van strukturele afhanklikheid vis-a-vis dié van Suid-Afrika, veral t.o.v. invoere, uitvoere, lenings, finansieringskapitaal, belastingsbronne en fisiese infrastruktuur.

Interne strukturele vraagstukke wat verder veral opvallend is, is die volgende - 'n relatiewe lae plafon t.o.v. indiensneming; beperkte diversifikasie, kwesbaarheid t.o.v. pryskommelinge in uitvoere (veral minerale), en 'n relatiewe klein industriële sektor.

Verskeie beleidskeuses word deur bovenoemde probleme gegenereer, waarvan die volgende bepaalde voorbeeld sou kon wees -

- (i) Om die laer middelklas Blanke entrepreneurs, dus die plaaslike kapitalistiese klas swaarder te belas, m.a.w. om die eise van die werkersklas op hul te fokus. Leys (1974) het byvoorbeeld die opsie voorgestel vir Kenia. Persoonlik voel ek dat dit 'n zero-som siening van die probleem van oneweredigheid in hulpbronne allokasie verteenwoordig, en sou ek dit dus awys.
- (ii). Om die sosio-ekonomiese beleid self te verander in die rigting van 'n gemengde ekonomie soos o.m. voorgestaan deur die Namibia National Front (NNF) en SWAPO-D. Gegewe die strukturele probleme waarmee die ekonomie worstel en die oorkoepelende skaarsheid in menslike en materiële hulpbronne lyk hierdie opsie m.i. grootliks onafwendbaar. Die staat se ekonomiese rol beide as entrepreneur en werkgewer lyk onvermydelik aan die uitbrei te wees.

Persoonlik is ek die mening toegedaan dat multi-nasionale korporasies of Quango's (Quasi-autonomous National Governmental Institutions) as voorwaarde vir hul betrokkenheid in die plaaslike ekonomie 'n vasgestelde persentasie van hul winste in SWA/Namibië moet herbelê. Trouens dit sou nie alleen nuwe ontwikkelingskapitaal beskikbaar maak nie, maar ook nuwe werkgeleenthede skep en 'n ingeboude waarborg teen nasionalisering bied. Die "stofsuier mentaliteit" van groot kapitaliste in die ekonomie - met gepaardgaande monopolistiese toestande - moet aan die kaak gestel word.

Verder, die semantiese debat rondom kapitalisme versus sosialisme, is nie alleen grootliks sinloos nie (geen stelsel, waarvan ek weet, pas dié twee ideologiese paradigmae in hul 'suiwer vorms' toe nie), maar hou eenvoudig nie rekening met die strukturele en ontwikkelingsprobleme wat SWA/Namibië konfronteer nie.

- (iii) Ten einde inhoud aan bovenoemde alternatiewe ontwikkelingsbeleid te gee, kan o.m. die volgende stappe geneem word -

die versnelde ontwikkeling van bestaande infrastruktuur veral krag en spoorweë (bv. met Botswana en Walvisbaai as uitvoerhawe met Zambië en Zimbabwe Rhodesië via die Caprivi); die modernisering van die landbousektor die vermindering van bevolkingsdruk in bepaalde etniese substelsels veral Owambo; verdere ontwikkeling van die mynbousektor (bv. half edelsteen bedryf); ontwikkeling van die dienstesektor insluitende toerisme, en 'n meer eweredige verdeling van ekonomiese hulpbronne. (Sien veral Thomas, 1975, 1976 en 1978).

- (iv) Die strukturele afhanklikheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie kan o.m. verminder word (L.W. nie totaal uitgeskakel word nie) deur 'n kombinasie van drie beleidsresponse.

Ten eerste, deur die uitbreiding van bestaande handel ('trade expansion'), ten einde voorkeure wat daaruit voortvloeи meer eweredig te versprei. Ten tweede, deur die skep van alternatiewe en nuwe handel ('trade creation'), waardeur veral interne tariewe heffings uitgeskakel of verminder kan word by wyse van regionale handelsooreenkomste met ander stelsels. Ten derde, deur "herroetering" van handel ('trade diversion'), waardeur veral produksiekoste verminder en winste verhoog sal kan word (Rothchild & Curry, 1978: 97-192).

- (v) Die bedwinging van verdere doeane en tarief-ooreenkomste te midde van die bestaande ooreenkomste.⁴

- (vi) Die instelling van die Eerste Nasionale Ontwikkelingskorporasie (ENOK) en die Spesiale Stabiliteitsrekening, van SWA/Namibië behoort direk gekoppel te word aan 'n nasionale ontwikkelingstrust waartoe beide die private (multi-nasjonale korporasies ingeslote) en die openbare sektore bydraes behoort te maak.

- (6) Die verkryging van relatiewe vryheid van eksterne penetrasie en kontrole op militêre, ekonomiese en sosio-politieke gebied. Hierdie probleem hou ten nouste verband met die voorafgaande, gevvolglik kan die voorgestelde voorskrywende beleidskeuses ook in dié opsig as geldend beskou word. Vir die doeleindes van hierdie voorlesing word 'n gepenetreerde stelsel as volg omskryf -

"... a system in which non-members of a national society participate directly and authoritatively, through actions taken jointly with the society's members, in either the allocation of values or the mobilization of support on behalf of its goals." (Rosenau, 1966:65)

SWA/Namibië word veral op eksterne gebied deur die RSA gepenetreer. Dieselfde verhouding geld natuurlik in 'n mindere of meerdere mate ook ten opsigte van Zambië, Botswana, Lesotho, Swaziland en Mosambiek. Intern word SWA/Namibië bowenal op sosio-politieke, ekonomiese en militêre gebied deur die RSA en SWAPO-N gepenetreer. Militêr gesproke oefen beide SWAPO-N en die SAW sowel eksterne as interne penetrasie uit. Die uitskakeling van genoemde penetrasie is natuurlik 'n komplekse saak, en daar moet na alle waarskynlikheid aanvaar word dat die demilitarisering van die politieke

proses beide deur die RSA en SWAPO-N (wat minder penetrasie voorveronderstel) vir geruime tyd gaan uitbly. Gevolglik is die stabilisering van 'n radikale internasionalistiese opposisie wat op nie-militêre wyse die konflik wil besleg van die grootste prioriteit.

Penetrasie van 'n politieke, ekonomiese en militêre aard kan o.m. teen gewerk en verminder word deur wat Schmitter noem "a policy of externalization" (Schmitter, 1972). Sodanige beleid is primêr daarop afgestem om strukturele afhanklikheid van eksterne akteurs te verminder, o.m. deur die volgende -

- (i) Die sluiting van ekonomiese en tegniese ooreenkomste met ekstra-kontinentale akteurs soos byvoorbeeld die EEG.
- (ii) Die vorming van makro-regionale alliansies met organisasies soos die Organisasie van Afrika Eenheid. Dink in dié verband byvoorbeeld aan die 'Casablanca' en die 'Monrovia/Brazzaville' groeperinge in die OAE.

Sodanige makro-regionale alliansies hou m.i. bepaalde voordele in, waaronder byvoorbeeld die volgende -

- mediasie met betrekking tot grenskonflikte⁺;
- koördinasie in beleid oor die hantering van vlugtelinge - 'n wesenlike probleem in SWA/Namibië, trouens in die hele Suider-Afrika;
- die vasstelling van norme en reëls vir die regulering van inter-staatlike verhoudinge.

Laat my toe om enkele opmerkings rakende die voorgestelde "Konstellasie van state" in hierdie konteks te maak. Eerstens, is dit my oortuiging dat dié voorgestelde vorm van regionale samewerking bowenmal afgestem is op 'n verhoging in die afhanklikheidsverhouding tussen Suid-Afrika en die omringende stelses. Persoonlik voel ek moet 'n vermindering in strukturele afhanklikheid tussen die RSA en SWA/Namibië voorkeur geniet, veral omdat 'n toenemende afhanklikheid paradoksaal die legitimiteit van plaaslike gesagsinstelling negatief sal aantast. Tweedens, moet onthou word dat enige sodanige regionale beleid rekening sal moet hou met die internasionalisering van die SWA/Namibië vraagstuk. Na my oordeel blyk 'n modus vivendi met Angola veral oor die onderskeie posisies van SWAPO-N en UNITA 'n voorvereiste vir die sukses van enige sodanige "konstellasie van state" sowel as vir 'n "interne" opsie in SWA/Namibië. Derdens, die oorheersende oneweredigheid in ekonomiese verhoudinge tussen die RSA en SWA/Namibië kan maklik 'n persepsie van nieuw-kolonialisme en ekonomiese imperialisme laat ontstaan en sodoende die politieke en strategiese oogmerke van sodanige regionale beleid grondig ondermyn.

⁺ Byvoorbeeld in die geval van die OAE - Algerië: Morokko (1963); Ethiopië-Somalië-Kenia (1964-1967); Rwanda-Burundi (1967) en die Nigeriese Burgeroorlog (1967-1970).

Ten slotte

My betoog kom essensieël op die volgende neer:

- (1) Suid-Afrika se eensydige pogings om die oorgangsproses in SWA/Namibië te struktureer o.m. by wyse van 'n DTA-gedomineerde Nasionale Vergadering moet afgewys word as gevaaarlik en kortsigtig, veral in die lig van oorgangspolitiek in Zimbabwe Rhodesië en die voormalige Portugese gebiede.
- (2) Huidiglik is die eksterne, zero-som oriëntasie van bepaalde lede van SWAPO-N nie versoenbaar met 'n vreedsame oorgangsproses in SWA/Namibië nie. Om dié sulkes te wil akkommodeer blyk 'n onmoontlikheid te wees.
- (3) My betoog is gevolglik vir 'n interne akkommodasie met 'n radikale nasionalistiese opposisie wat wel oor die nodige legitimiteit beskik beide binne en buite die gebied. Ek is deeglik daarvan bewus dat dit nie 'n pynlose proses sal wees nie - geen oorgangsproses is ooit algeheel pynloos nie - daar bestaan eweneens bepaalde risikos daaraan verbonde, maar die implikasies van sodanige proses vir politieke oorgang in Suid-Afrika self mag nie onderskat word nie.
- (4) Die vraag of SWA/Namibië vreedsaam of gewelddadig sal kan oorgaan, sal m.i. bowenal bepaal word op welke wyse beleidsbepalers aldaar - ongeag die besondere party of groepering van partye aan bewind - houbare en realistiese beleidskeuses ten opsigte van dié oorgansvraagstukke maak.

ENDNOTAS

1. Konsensus oor die strukturering van politieke oorgang is natuurlik veel moeikker maar ook veel noodsakliker as dié oor 'n konstitusie. Vergelyk byvoorbeeld die oplangse onderhandelinge oor Zimbabwe Rhodesië in London.
2. 'n Eksterne opposisie verwys na 'n Weltanschauung oriëntasie tot die politiek, d.w.s. 'n zero-som oriëntasie. Die politieke verdelingslyne wentel gewoonlik om opponerende ideologiese standpunte; 'n alternatiewe samelewingsparadigma en die bronne van legitimiteit. 'n Interne opposisie verwys na opposisie wat binne die bestaande raamwerk van die politieke proses funksioneer. Verdelingslyne wentel normaalweg om beleidsverskille en die verplasing van politieke elites.

Bogenoemde onderskeidings is ontleen aan Markovitz, Irving Leonard Power and Class in Africa - An introduction to change and conflict in African politics. Englewood-Cliffs, N.J.: Prentice-Hall, 1977.

Vir 'n toepassing van bogenoemde onderskeidings in SWA/Namibië, sien Venter, D. en Du Pisani, A. The prospects for coalition-formation in SWA/Namibië. Pretoria: Africa Institute of South Africa, 1978.

3. Vir die onderskeiding tussen sosialisme as 'n "etiek van distribusie" en en as 'n "ontwikkelingsideologie", sien Mazrui, Ali A. Towards a Pax Africana: A study of ideology and ambition. Chicago: University of Chicago Press, 1967, p. 98.
4. Vir 'n bespreking van doeane ooreenkomste en die toepassing daarvan in ontwikkelende stelsels, sien Lipsey, R.G. "The theory of Customs Unions: A general survey". In Economic Journal, 70, no. 279, September 1960; en Cooper, C.A. & Massel, B.F. "Towards a general theory of Customs Unions for developing countries". In Journal of Political Economy, 73, no. 5, October 1965.

BIBLIOGRAFIE

1. Braibanti, Ralph, "The relevance of Political Science to the study of underdeveloped areas", in Braibanti, Ralph & Spengler, Joseph J. (eds) Tradition, values and socio-economic development. Durham: Duke University Press, 1961.
2. Buchanan, James M. & Tullock, Gordon. The calculus of consent. Ann Arbor: University of Michigan Press, 1971.
3. Cooper, C.A. & Massell, B.F. "Towards a general theory of Customs Unions for developing countries". Journal of Political Economy, 73 no. 5, (October 1965).
4. Dror, Yehezkel, "Some diverse approaches to public analysis: A partial reply to Thomas Dye", Policy Studies Journal, 1, no. 4 (Summer 1973).
5. Du Pisani, André, "Die Turnhalle - simbool van of werklike dekolonisasie?" Deurbraak, Oktober 1977: 5-7.
6. Du Pisani, André, "Reflections on political perceptions in Namibia". Times of Namibia, vol. 1, no. 2, July 1977: 10-12.
7. Du Pisani, André, Reflections on the role of ethnicity in the politics of Namibia". Plural Societies, vol. 8, no. 3 & 4, Autumn/Winter 1977, p.79-96.
8. Du Pisani, André, "The Namibian Predicament: A study in the pathology of change". Unpublished paper read at ASSA : Ninth Congress of Social Science in Southern Africa: Problems of change in Southern Africa, 8-10 July 1978, Salisbury, pp. 1-22.
9. Eisenstadt, S.N., "Bureaucracy & political development". In LaPalombara, Joseph (ed) Bureaucracy and political development. Princeton: Princeton University Press, 1963.
10. Golembiewski, Robert T. "'Maintenance' and 'Task' as central challenges in Public Administration." In Public Administration Review, 34, no. 2, (March/April 1974): 168-189.
11. Huntington, Samuel P. Political order in changing societies. New Haven: Yale University Press, 1968.
12. Leys, Colin, Underdevelopment in Kenya: The political economy of Neo-Colonialism 1964-1971. Berkeley: University of California Press, 1974.
13. Lipsey, R.G. "The theory of Customs Unions: A general survey". Economic Journal, 70, no. 279, (September 1960).
14. Markovitz, Irving Leonard, Power and class in Africa - An introduction to change and conflict in African politics. Englewood-Cliffs: Prentice-Hall, 1977.

15. Mazrui, Ali A. Towards a Pax Africana: A study of ideology and ambition. Chigago: University of Chicago Press, 1967.
16. Nasionale Party van Suidwes-Afrika. Nege vrae oor Suidwes! Windhoek, Oktober 1979, bl.1-26.
17. Robin, R.S., Political institutionalization and the integration of elites. London: Sage Publications Ltd., 1976.
18. Rosenau, James N. "Pre-theories and theories of foreign policy". In Farrell, R.B. (ed), Approaches to comparative and international politics. Evanston: Northwestern University Press, 1966.
19. Rothchild, Donald, "Rural-Urban inequities and resource allocation in Zambia". In Journal of Commonwealth Political Studies, 10, no. 3, November 1972: 238-249.
20. Rothchild, Donald & Currey, Robert L., Scarcity, choice and public policy in Middle Africa. Berkeley: University of California Ress, 1978.
21. Rokoro, Verkuil, "South Africa and the decolonization of Namibia". NNF News, no. 15, September 1979, pp. 1-2.
22. Schmitter, Phillippe C. Autonomey or dependence as regional integration outcomes: Central America. Research series, no. 17. Berkeley: Institute of International Studies, 1972.
23. Sklar, Richard, "Political Science and national integration - a radical approach". In Journal of Modern African Studies, 5, no. 1, (May 1967).
24. Thomas, Wolfgang H. "The economy of South West Africa: An overall perspective". Unpublished paper, read January 1975 at the Summer School of the Centre for Extra-Mural Studies at the University of Cape Town. (mimeo)
25. Thomas, Wolfgang H. "The economic implications of independence for South West Africa". In Benadé, Ewert (Samsteller), Die toekoms van Suidwes-Afrika - 'n oop gesprek. Windhoek, 1976.
26. Thomas, Wolfgang H. Economic development in Namibia. München: Kaiser Verlag, 1978.
27. Venter, Denis & Du Pisani, André, SWA/Namibia: Prospects for coalition-formation. Pretoria: Africa Institute of South Africa, Occasional Paper no. 44, October 1978.

AMPTELIK

Proklamasie van die Administrateur-Generaal vir die Gebied Suidwes-Afrika no. AG 21. Gepubliseer in Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika, Maandag 14 Mei 1979, no. 3957.